UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD | JAAR 19 # 3 • 03–05–2011 • YEAR 19 # 3 | MONTHLY STAFF NEWSLETTER


**NUUS**
Babin Babas word een jaar oud
3


**NEWS**
HOPE Project: Sustainability gets a boost
5


**NAVORSING**
Dierkunde-navorser op pad na Harvard
6


**ART**
Pieter Grobler performs in Endler Hall
7


**MENSE**
Dirkie Smit laat lesers besin oor waardes
8

**OFF WE GO:** The first Wellness Fun Run/Walk was held on Thursday, 7 April, to coincide with World Health Day. More than 200 students and members of Stellenbosch University's staff braved windy conditions for a 5km long run/walk along the Green Route. The Fun Run/Walk is an initiative of the SU Wellness programme of the Human Resources department to create awareness about living a healthy lifestyle. Read more p3.

*Photo: Justin Alberts*



Frederik van Zyl Slabbert Instituut

# US belê in leierskap

**Die ontwikkeling van jongmense se leierseienskappe is 'n belegging in 'n beter toekoms, skryf DR LESLIE VAN ROOI, die eerste hoof van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling wat in Maart by die Universiteit Stellenbosch (US) bekendgestel is.**

Daar is 'n ou gesegde dat kinders gesien word, en nie gehoor word nie. As dít ooit studente en ander jongmense gegeld het, is dit beslis nie meer die geval nie. Die jeug van vandag wil saampraat, nie net luister nie. Hulle wil aan besluitneming deelneem, nie net volgelinge wees nie.

Dít is ons ervaring aan die Universiteit, waar 'n nuwe liggaam tot stand gebring is om te voldoen aan jongmense se behoefte om 'n verskil te maak. Die Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling is daarop gemik om die jeug toe te rus met die nodige vaardighede om die uitdagings van ons era die hoof te bied.

Die lang lys kritiese sake in die wêreld is genoeg om enigeen moedeloos te maak – die volhoubaarheidskrisis van ons planeet, armoede, menseregteskendings, siektes, oorlog, geweldpleging, werkloosheid, swak ekonomiese groei, en so meer. Dit is egter opvallend dat vandag se jongmense nie apaties staan nie. Hulle is bewus van probleme in die samelewing, en wil hul deel doen om 'n beter toekoms te help skep.

Wyle dr Frederik Van Zyl Slabbert was só 'n persoon. Sy sin vir sosiale geregtigheid was legendaries; so ook sy reputasie as kritiese denker, beginselvaste leier en vernuftige brugbouer in 'n verdeelde samelewing. Ook by sy alma mater het hy 'n groot invloed uitgeoefen. Op kritieke punte in die geskiedenis van die US het hy stopstrate in toegeetekens help verander.

Dit is langs die nuwe weë wat hy gebaan het dat 'n nuwe geslag jongmense nou die toekoms gaan aandurf. Die Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling wat na hom genoem is, wil sy nalatenskap laat voortleef.

Ons studente sê dikwels opvoeding is vir hulle baie belangrik. Hulle wil optimaal in die inligtingsera se kennisekonomie kan funksioneer, maar ook ruimte hê om tot die welstand van die planeet en mensdom by te dra. Dié ingesteldheid maak reeds van hulle leiers, en deur hul leierseienskappe verder te ontwikkel kan hulle die soort impak hê waarna hulle streef.

> Deur die FVZS Instituut belê die US op 'n tasbare manier in die toekoms.

Daar is tans bykans 2 000 studente in leiersposisies aan die US – op die studenteraad, in koshuise, verenigings, fakulteitskomitees en ander strukture. Hulle word reeds deur bestaande programme met belangrike vaardighede toegerus. Die FVZS Instituut sal dié bemagtiging verder voer. Dit gaan egter nie net oor studente in spesifieke posisies nie. Elke afgestudeerde gaan die wêreld binne met 'n universiteitservaring wat van hulle leiers in die samelewing maak. Dit is hoekom ons daarna streef om graduandi te lewer wat die voortou kan neem as verantwoordelike en kritiese burgers in 'n demokratiese bestel.

Die FVZS Instituut maak deel uit van die US se HOOP Projek, waarmee die universiteit die wetenskap aanwend in die soeke na oplossings vir Afrika en Suid-Afrika se strafste uitdagings. Terselfdertyd bou ons 'n akademies sterk en relevante universiteit met 'n diepgewortelde tradisie van uitnemendheid.



Dr Leslie van Rooi, eerste hoof van die FVZS Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling.

Deur middel van die FVZS Instituut belê die US op 'n tasbare manier in die toekoms. Ons is dankbaar dat ons dit kan doen in die naam van 'n geliefde seun van ons universiteit. Sodoende word 'n nuwe geslag jongmense in staat gestel om draers van hoop in Suid-Afrika, die res van ons vasteland en die wêreld te wees.

• Die FVZS Instituut wil as skakel dien tussen personeellede en studente. Om betrokke te raak as fasiliteerder, programkoördineerder of gasspreker, kontak Van Rooi by lbvr@sun.ac.za of 021 808 3697.

## Huldigings aan Frederik van Zyl Slabbert

- "Dr Slabbert was die vergestalting van die Universiteit Stellenbosch se visie om gegradueerdes op te lewer wat as verantwoordelike en kritiese burgers 'n leiersrol in die samelewing kan vervul. Ons beskou al ons gegradueerdes as agente vir verandering." – *Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US*
- "Leiers soos dr Slabbert het baie vermag, maar ek is regtig bekommerd oor die jeug en die toekoms. Ons werk is nie klaar nie. Daar moet nog baie gedoen word aan probleme soos armoede en ongelykheid." – *Jan Greyling, Studenteraadvoorsitter*
- "Van Zyl is sorely missed and hopefully this new initiative will call forth a new generation of young people – black and white – who will give to South Africa the creative, human, honest and caring leadership that we need so desperately." – *Dr Alex Boraine, former colleague and friend of Slabbert*
- "Die rol wat Van Zyl as huisvader gespeel het om goeie waardes by studente te vestig – sonder om preuts en bekrompe te wees – is soos die Engelse sê, *the stuff of legend.*" – *Rudolf Gouws, 'n ekonoom en vriend van Slabbert*
- "One of the challenges we face today is to overcome the mediocrity and apathy that seem to have engulfed our fellow students. We must break down the idea that one comes to university only to get a degree in as short a time as possible and then get a job." – *Lovelyn Nwadeyi, a student assistant at the FVZS Institute*

## Temas en programme

**Ses temas:**
- Demokrasie en menseregte
- Etiese leierskap
- Menswaardigheid en diversiteit
- Gemeenskapsinteraksie
- Wêreldburgerskap
- Kritiese gesprekvoering

**Agt programme:**
- Kursusse in mentorskap
- Uitruilprogramme wat 'n blik op die wêreld deur ander se oë bied
- Kortkursusse in gemeenskapsinteraksie
- 'n Skoolleiersimposium
- Die opleiding van studente as agente vir maatskaplike verandering
- 'n Gekombineerde kennis-en-lewensvaardigheidsprogram
- 'n Kursus in entrepreneurskap
- Dialoogvoering om leiersvaardighede te slyp



## Van die redakteur

Ek dink ek het ’n joernalis geword omdat ek so nuuskierig is – wil alles oor alles weet. En ons weet wat die Engelsman sê oor nuuskierigheid wat die kat se ondergang was. Uiteindelik het die nuuskierigheid ’n beroep geword, maar ek het darem ook mettertyd besef dit gaan oor veel meer.

Die joernalistiek gaan in essensie tog oor kommunikeer – oor die skep van kanale en platforms waar mense met mekaar kan praat en waar hulle inligting kan kry waartoe hulle andersins dalk nie toegang sou hê. Dis juis die skep van platforms van kommunikasie wat deesdae al hoe meer belangrik word, want ons almal het altyd ’n sent om in die bord te gooi – daarom floreer die sosiale media so op die internet.

> *Kampusnuus* is ’n platform waar ons kan gesels...

*Kampusnuus* is presies dit: ’n platform waar ons as US personeellede met mekaar kan gesels en waar ons aan mekaar ons stories kan vertel en deel wat met ons gebeur. Ons vertel van ons prestasies, ons projekte, ons navorsing, ons instelling, ons dorp en van onsself. ’n Publikasie soos *Kampusnuus* is soos ’n sitkamer waar almal saamgesels oor ’n koppie koffie en hul stories vertel en luister na ander se verhale.

Vir US personeel is daar natuurlik vele platforms waar stories vertel en gehoor kan word: benewens *Kampusnuus* het ons ’n nuusblog met daaglikse vars nuus op die internet, die weeklikse Boschtelegram spring Woensdae by ons inboks in, die US Facebook-blad gons altyd en jy kan selfs die US op Twitter volg. En al hierdie platforms is net ’n kliek van die muis weg.

In hierdie uitgawe van *Kampusnuus* is soveel stories wat ons almal raak: van die Frederik van Zyl Slabbert Instituut en gradeplegtighede tot welverdiende toekennings vir ons kollegas. En oor dit alles het ons almal tog ’n mening.

So, neem die pen (of toetsbord) op en gee jou mening. Laat jou stem hoor in *Kampusnuus* se briewekolom hieronder, of gooi ’n “Klip in die ‘bosch” hiernaas, of gaan kliek op Facebook en Twitter en praat saam.

Lekker lees. En laat hoor van julle.

*Wayne*

## Inboks

*You are welcome to write to Kampusnuus. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication).*

### Geraas in Neelsie steur tydens middagete

Ek het dit altyd geniet om gedurende die week middagete in die Neelsie te nuttig omdat die kos relatief goedkoop is in vergelyking met wat in die dorp aangebied word. Ongelukkig is ek hierdie plesiertjie ontneem. Die rede: te veel geraas. Soms is dit eenvoudig onuithoubaar. Moenie my verkeerd verstaan nie, ek wil glad nie ’n pretbederwer wees nie; al waarna ek smag is om middagete in ’n rustige atmosfeer weg van die kantoor te geniet.

Dit sou help as al die televisies nie tegelykertyd aan is nie. Voeg hierby die stemme van ’n klomp honger studente en jy het ’n ondraaglike kakofonie wat jou eintlik teen die mure uitdryf. Natuurlik verwag ek nie van studente om soos soet kinders in stilte te eet nie; al wat ek vra is dat die geraas net onder beheer gebring word sodat ek weer in rus en vrede my middagete in die Neelsie kan geniet. Dit was tog immers altyd ’n lekker plek om te eet.

**– Die Weet-man**

### Welwees Pretloop was ’n treffer

’n Groep personeellede van die SSVO het op 7 April aan die Welwees-pretloop deelgeneem. Almal was opgewonde oor dié inisiatief van die US om personeel bewus te maak van hul eie gesondheid. Die SSVO se leuse, “Vennote vir sukses”, eggo juis Ghandi se bekende filosofie wat handel oor die waarde van groei en ontwikkeling.

Die woema om deel te neem aan ’n staptog is behoorlik aangevuur toe die sentrum energiedrankies ter motivering aan hul deelnemende kollegas uitgedeel het. Van hier af aan was daar geen keer aan dié SSVO-groepie! Vir Annette Joubert was dit lekker om deur die strate van een van die mooiste dorpe te kon stap. Met SSVO T-hemp en pet op die kop het prof Charl die prentjie kreatief afgerond met ’n unieke wandelstok!

Melanie Willems het die pretloop terdeë geniet het en ’n prys gewen, en vir Samantha Adams was dit ’n goeie geleentheid om met mekaar op ’n persoonlike vlak te sosialiseer. Marcia Lyner-Cleophas voel die pretloop moet op ’n gereelde basis plaasvind – minstens een keer per maand.

Na afloop van die 5km was die koue sap ’n welkome lafenis. Die belangrikste was egter dat die pretloop ’n geleentheid was om ons gesondheid en lewenskragtigheid te vier…saam met werksmaats!

**– SVVO-personeel**

## Kuberpraatjies

*Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (stellenboschuni).*

The new Masters Research Commons is great (for the most part), but why all the inconsistency? Why have they bothered to have an outside area if you basically do not use it? You are not allowed to eat outside, no-one is allowed to smoke (despite the fact that people do and only some people are targeted)? Why is this area designed to appear user-friendly but in actual fact is limited beyond what can be considered common sense? – Gillian Armstrong

Van al die universiteite is jul s’n die mees interaktiefste. Dinge gebeur en dit is maklik om inligting te kry. Ek hou styf duimvas vir my meisekind se toelating! Welgedaan! – Deirdre Havelaar Norval

I have to compliment the Science Department on their neat invention called the Acorn. Very innovative! – Natasha Coetzee

If these booms in the bib learning commons bang one more time, I swear… – crazyDaizyAdels

## Kampusklets oppie Rooiplein



## Klip innie bosch

Susan van der Merwe

# Gradedag is meer as net graadkry

Vir baie wat jaar ná jaar met gradeplegtighede gemoeid is, is die blote verwysing daarna genoeg om “deurwinterdes” die ventilasie- en verkoelinglose DF Malan-sentrum in ’n déjà-vu-ervaring te laat beleef. Die lang werksdae, werkstempo, versengende hitte en die stilsit in togas wat die aanvoelbaarheidstemperatuur drasties verhoog, is geen illusie van bekendheid nie – dis werklikheid.

Gradeplegtighede herinner my aan ’n futuristiese monstermasjien wat reeds ’n paar weke voor die geleenthede in talle afdelings regoor die Universiteit aan die rol gesit word, totdat dit ná die Kanseliersete tot stilstand ruk.

Dit is waarskynlik ’n natuurlike proses dat ons, as die ratte van hierdie hoogs effektiewe monstermasjien, ná jare van herhaling, meganies begin funksioneer en die geleentheid sy “hart” verloor het. Sien ek wenkbroue lig? Dit is immers ons werk om effektief, uitnemend en prosesmatig akademiese programme te ontwikkel, studente deeglik voor te berei vir ’n professionele loopbaan, en grade toe te ken by plegtighede wat stemmig en seepglad verloop. Maar is dit goed genoeg?

Elke plegtigheid hét ’n hart. Vra gerus ons personeel wat die spesiale reëlings tref vir ’n ma met terminale kanker wat haar seun se gradeplegtigheid wil deel, maar nie die kragte het om ’n hele funksie te kan bywoon nie. Ná die plegtigheid daag ’n bos blomme op vir Dorothy van Kerwel wat gehelp het, en ’n paar weke later volg ’n dankie-oproep van die familie nadat die ma oorlede is. Daar is baie sulke stories: ’n dogter wat haar ma se graad postuum kom haal; ’n alleenloper-kwadrupleeg-pa wat ’n aangepaste voertuig moes huur om hom en sy rolstoel na die plegtigheid te bring; en student wat net voor hul plegtigheid in ongelukke betrokke is, maar ondanks gebreekte bene en onooglike gesigwonde vasbeslote is om hierdie groot geleentheid by te woon.

> Vir elke student is sy/haar gradeplegtigheid een van die grootste mylpale van hul volwasse lewe.

Graduandi daag laat op, met ’n rimpel-effek en dit maak dinge vir ’n klompie personeel ongerieflik. Studente van ver onderskat die reistyd of kry motorprobleme, of daar is padwerke en verkeersknope weens motorongelukke; ’n pediater het ’n noodgeval by die Tygerberg-kinderhospitaal; ’n dokter uit Oos-Europa wat hier nagraads studeer verdwaal op Stellenbosch; nagraadse studente uit Limpopo ken nie die Kaap nie en besef nie hoe ver die Universiteit uit die Kaapse middestad lê nie; vliegtuie word vertraag en busse loop laat. Hoe wys jy ’n graduandus weg wat reeds duisende rande betaal het aan vervoer en verblyf om ’n gradeplegtigheid te kom bywoon, of ’n weermagoffisier uit Pretoria wat langs die pad voertuigprobleme opgetel het, of ’n maatskaplike werker uit die Weskus wat weens ’n werkkrisis verbouereerd en in trane by jou aankom?

Vir elke student is sy/haar gradeplegtigheid een van die grootste mylpale van hul volwasse lewe. Ondanks baie studentepret en lewenslange vriendskappe, behaal baie hierdie prestasie te midde van sosio-ekonomiese uitdagings, aanvanklik ontoereikende voorbereiding en onsekerheid oor studierigtings, en emosionele en verhoudingsprobleme.

Hoe ’n USBD-beampte ’n navraag oor parkering beantwoord, die stemtoon waarin gaste gevra word om plek te maak vir graduandi, hoe ons ten aansien van ’n vol saal nog sekere take “afbaken” volgens posvlak, of die manier waarop ons met kollegas praat as stresvlakke styg, hoe gaste by die deure verwelkom word en hoe ons graduandi in ’n krisissituasie akkommodeer, dra by tot die atmosfeer en bepaal die assosiasie van ons alumni met die Universiteit. Dit bepaal hul toekomstige reaksie op ’n uitnodiging na ’n universiteitsgeleentheid, ’n versoek vir finansiële ondersteuning, of *Matieland* onoopgemaak in die drom beland, of selfs die besluit oor waar hul kinders gaan studeer.

Die uitnemende monstermasjien moet bly, maar ons aanpasbaarheid en die manier waarop ons institusioneel ons gekose ontwikkelingsdoelwitte uitleef, gaan bepaal of ons by “beduidend anders” en “beduidend beter” gaan uitkom – lang werksdae, vinnige tempo, warm togas en graduandi wat reëlings omvergooi ten spyt.

- **Lug ook jou mening. Skryf aan kampusnuus@sun.ac.za.**

Menings in *Kampusnuus* is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

Opinions expressed in *Kampusnuus* is that of the individual concerned and not the view of the editorial team or Stellenbosch University.

Welwees

# Pretloop dalk voortaan jaarliks gehou




Me Maureen Kennedy saam met die Welwees Pretdraf/stap-manswenner, Lochner Slabbert, en vroue-wenner Anina Rust. Albei is studente in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

*Foto's: Anton Jordaan*

Die eerste Welwees Pretdraf/stap het soveel goeie reaksie gekry dat dit nou heel moontlik 'n jaarlikse instelling op die Universiteit se kalender gaan word – al het sommige stappers en drawwers dit só geniet dat hulle sommer elke Donderdag tekkies wil aantrek en die roete aandurf.

Me Maureen Kennedy, Hoof: Personeel Welwees by Menslike Hulpbronne, het gesê sy is oorweldig deur die positiewe reaksie van deelnemers op die eerste Welwees Pretdraf/stap wat op Donderdag 7 April gehou is. Dit is gereël deur die Welwees-program in samewerking met Maties Sport.

"Daar is 'n hele paar deelnemers wat gesê het ons moet sommer elke Donderdag 'n pretdraf/stap hou."

Meer as 200 US studente en personeel het die 5km lange roete gestap of gedraf ten spyte van 'n parmantige wind. Die sirkelroete al langs die Groen Roete het by die Konservatorium in Neethlingstraat begin en geëindig.

Teen middagete het reeds 192 mense vir die pretdraf/stap ingeskryf. Kort voor 15:00 het personeel en studente van regoor kampus voor die Konservatorium in hul tekkies en oefenklere byeengekom, en stiptelik om 15:00 het die skoot geklap. Minder as 20 minute later het die eerste drawwer klaargemaak.

> Ons hoop nou om daarvan 'n jaarlikse geleentheid te maak, maar darem nie elke Donderdag nie...

Dieselfde dag is Wêreldgesondheidsdag gevier, en dié Welwees-pretstap/draf is juis gehou om aan te sluit by dié dag wat mense van 'n gesonder leefstyl bewus wil maak.

"Ons doel is om deur fisieke aktiwiteite personeellede gesond te hou en so 'n gesonder werksomgewing te skep. Vir die pretdraf/stap het ons saam met Maties Sport gewerk. Hulle het vorendag gekom met die idee om die Groen Roete te volg. Dis 'n veilige roete en word gepatroleer," het Kennedy gesê.

Volgens haar was die reaksie van deelnemers dat die pretdraf/stap beslis 'n instelling moet word. "Ons hoop nou om daarvan 'n jaarlikse geleentheid te maak, maar darem nie elke Donderdag nie," spot sy.

Planne is ook in die pyplyn om dalk die pretloop uit te brei na 10km, omdat talle drawwers gesê het hulle sou graag 'n langer roete wou hê.

● Die US Welwees-program is 'n inisiatief van die Menslike Hulpbronne-afdeling wat daarna streef om die gesondheid en welstand van personeel te verbeter deur aan almal toeganklike, doeltreffende en professionele dienste in die vorm van gesondheidsbevordering, bystand en ondersteuning te lewer.



BABIN BABAS WORD EEN JAAR OUD: Babin Babas, 'n fasiliteit wat 'n omvattende dagsorgdiens bied vir kinders van drie maande tot byna drie jaar oud, het onlangs een jaar oud geword. Die fasiliteit is die resultaat van 'n Memorandum van Verstandhouding wat in 2008 onderteken is tussen die US en die Stellenbosch Early Education Development (SEED) Trust. Altesame 44 kinders is tans ingeskryf by Babin Babas, waarvan 29 se ouers aan die Universiteit as personeellid of nagraadse student verbonde is. Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie & Personeel, was instrumenteel in die sluiting van die Memorandum van Verstandhouding en het die verjaardag op 31 Maart kom vier met 'n besoek aan die kinders. Hier is hy saam met twee Babin-babas, Cayden Roos (agter) en Jodi Bergstedt, en hul Educare-onderwyser Hanri Saayman. Babin se dagsorgdiens is beskikbaar vanaf 07:00 tot 18:00 heeljaar, en halfdagsorg is tot 13:00 beskikbaar. Babin Babas is geleë in Hammandshandweg.

# *Rawlings to receive award for excellence*

Prof Doug Rawlings (picture), the highly respected chair of the SU Department of Microbiology and Vice-Dean of the Faculty of Science, is to receive the 2011 Havenga Prize for Life Sciences from the South African Academy for Science and Art (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns) in recognition of his exemplary research, teaching and administrative abilities.

The Havenga Prize is an annual prestige award given for original research in a scientific and/or technical field. It is awarded only once in someone's lifetime.

According to the Academy Rawlings has a track record of delivering exemplary work spanning many decades.

Rawlings, a world leader on the use of micro-organisms in biomining activities, will receive the award at a prestige function in Stellenbosch in September. He has been evaluated as an A-rated scientist by the National Research Foundation since 1992.

Over the past 20 years, he has made internationally recognised contributions in the field of molecular biology about the use of one-celled rock-eating bacteria called chemolithotrophs that occur naturally in ore. These organisms have the ability to oxidise iron or sulphate and can therefore eat away at rock containing iron and sulphate.



In the process, chemicals are produced naturally to make the metals soluble, and which make them easier to extract through dump or heap bioleaching and stirred tank technology.

"These organisms are used across the world in huge commercial plants to enhance the extraction of gold, cobalt, copper and zinc from ore," explains Rawlings.

In South Africa, the techniques are used for gold extraction at the Fairview mine in Barberton. South African companies use the technology worldwide for gold ore extraction at plants in countries such as Australia, Brazil, Ghana and Uzbekistan.

Rawlings received his doctorate from Rhodes University in 1976, and started his career in the leather and tanning industry. He is a past president of the Royal Society of South Africa, and has served on the council of the SA Society for Microbiology. He is also a founder member of the Academy of Science of South Africa (ASSAf).

– Engela Duvenage

## Staff Successes

**MS ELLEN TISE**, Senior Director: Library Services and current president of the International Federation of Library Associations (IFLA), has recently been appointed to the International Advisory Committee (IAC) of Unesco's Memory of the World Programme. Recently, Tise was also honoured by the International Relations Committee (IRC) of the Association of College and Research Libraries (ACRL) for her leadership and contributions to IFLA and the international library community. She has been appointed to the IAC for a four year term.

**PROF CORNIE SCHEFFER** van die Fakulteit Ingenieurswese is onlangs tot die ministeriële advieskomitee vir gesondheidstegnologie verkies. Hy is ook leier van die Biomediese Ingenieurswese Navorsingsgroep (BERG) in die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese. Die advieskomitee, wat buite die Departement van Gesondheid gesetel sal wees, sal die minister van gesondheid van deskundige raad voorsien om ingeligte besluite te neem oor aangeleenthede rakende gesondheidtegnologie. Scheffer se aanstelling is vir 'n termyn van vyf jaar.

**PROF MICHAEL SAMWAYS** of the Department of Conservation Ecology and Entomology recently received The Distinguished Scientist Award at the Global Conference of Entomology hosted in Thailand. The reward was for his work in developing sustainable landscapes for the future. With the increasing pressures of humans on the natural world and the need to have agricultural production to sustain lives, it is essential that methods are developed to carry us forward over the future decades and for future generations, says Samways.

**MS STEFANIE MALAN**, based at the MagicLab in the Department of Biomedical Sciences of the Faculty of Health Sciences, has won the prestigious Novartis Internship in Drug Discovery and Clinical Research. She is also a PhD student in Psychiatry and is supervised by Dr Sian Hemmings and Prof Soraya Seedat. Malan will be spending several months at Novartis in Basel, Switzerland, focusing on gene expression and epigenetics in non-human primates to facilitate work on her PhD.

Prof Jimmy Volmink

# Nuwe dekaan verwelkom

"Ons is vanaand hier om fees te vier – 'n fees ter ere van 'n nuwe leier in ons midde." Dít was die woorde van prof Russel Botman, Rektor van die Universiteit, tydens die heildronk wat hy op die nuwe dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, prof Jimmy Volmink, ingestel het.

'n Feesdinee is op 12 April by die Wallenbergsentrum by STIAS in Stellenbosch gehou om Volmink te verwelkom. Hy is met ingang Januarie 2011 as die sewende dekaan van die Stellenbosch Fakulteit Gesondheidswetenskappe aangestel.

Volmink, gasspreker van die aand, het tydens die geleentheid spesiale erkenning aan die vorige dekane gegee en hulle in besonder bedank vir hul bydrae tot die vestiging van die Fakulteit.

"Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is 'n noemenswaardige baken in die landskap van hoër onderwys in die Wes-Kaap. Ons rekord van uitnemendheid in onderrig en opleiding van gesondheidskundiges word weerspieel in die gehalte van graduandi oor baie dekades."

Hy het verder klem gelê op drie areas wat hy in sy termyn as dekaan wil bevorder, naamlik onderrig vir innovering, onvoorwaardelike aanvaarding van ons sosiale verantwoordelikheid en die benutting van die talent van diegene wat bereid is om te help.

Hy het ook gefokus op wyses waarop gesondheidswetenskappefakulteite van die 21ste eeu die enorme uitdagings en geleenthede van gesondheidsorg kan aanspreek en dat die verlede nie die toekoms moet beïnvloed nie.

**Vordering benodig die geloof dat verandering moontlik is.**

"Ons moet erkenning gee aan die bagasie van die verlede, maar ons mag nie toelaat dat die verlede ons toekoms beheer nie. Vordering benodig die geloof dat verandering moontlik is en dat persone kan verander; dit vereis die waagmoed om te vertrou."

Hierdie geleentheid was een van verskeie geleenthede waarby Volmink aan die onderskeie belangegroepe – wat alumni, studente en personeel insluit – bekend gestel is.

Volmink het alumni by JC le Roux ontmoet, asook studente in koshuisverband besoek waar hy hulle bedank het vir hul toegewydheid tot hul studies asook die Fakulteit.



Prof Jimmy Volmink tydens sy besoek aan die koshuise saam met twee MBChB-eerstejaarstudente, (links) Pepukai Donbo van Kerkenberg en Tevin Naidu van Meerhoff.



**HOE STERK IS JY?** Tydens die Ingenieurswese Opedag op 16 April kyk besoekers met groot belangstelling na 'n demonstrasie deur Artho van der Westhuizen (regs), 'n nagraadse student van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese. Hy wys 'n apparaat wat vervorming meet en so die kragomset meet en bepaal. Die jaarlikse Opedag is die Fakulteit Ingenieurswese se grootste bemarkings- en werwingsinisiatief. Die vyf ingenieursdepartemente het stalletjies en demonstrasies aangebied wat toon hoe wetenskap en tegnologie die mens se wêreld kan verbeter. *Foto: Liesel Koch*

# Palestynse Christene besoek Teologie

'n Groep Palestynse Christene, bestaande uit teoloë en geestelike leiers, het in April in Stellenbosch meer kom vertel oor die huidige stand van sake in hul land.

'n Seminaar, getiteld Kairos Palestina: 'n Uitdaging vir die kerk?, is op Donderdag 7 April by die Universiteit se Fakulteit Teologie gehou. Die Beyers Naudésentrum vir Publieke Teologie en Kairos Suidelike Afrika was die gesamentlike gasheer vir die groep wat Stellenbosch besoek het.

"Ons het by die Kairos-konferensie die stemme gehoor van Palestynse Christene. Ons is aangegryp en geïnspireer deur die soeke van hierdie klein groepie Christene na vrede, geregtigheid en vreugde vir almal in 'n konteks waar daar baie haat en geweld is," het prof Nico Koopman, Dekaan van die Fakulteit Teologie, gesê.

Die bydrae van die Kairos-Palestina-dokument tot die verbetering van die menswaardigheid van mense in die gebied is ook bespreek. Dié dokument, uitgereik in 2009 deur 'n groep Palestynse Christene, doen 'n beroep op die internasionale gemeenskap om hulle te skaar by die Palestynse mense "wat onderdrukking in die gesig staar en om hulle te beywer om vrede en geregtigheid te help bewerkstellig".




Dr Clint Le Bruyns, 'n Christen-teoloog en senior lektor aan die US Fakulteit Teologie aan die woord. *Foto: Justin Alberts*

Die dokument is gebaseer op die Suid-Afrikaanse Kairos-dokument van 1985 wat uitgereik is tydens die stryd teen apartheid.

Die Kairos-Palestina-dokument is al in verskeie tale vertaal en is nou ook in Afrikaans beskikbaar met die titel *'n Oomblik van Waarheid*. Die Afrikaanse weergawe is tydens die seminaar bekendgestel.

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, het tydens die oorhandiging van die dokument gesê die Universiteit is trots om deel te wees van die geleentheid.

– Ilse Arendse

**Nuusflitse**



## *Bybeltekste steeds relevant*

Die Bybel is "lewend en kragtig" indien dit in veranderde kontekste nuut verstaan word. Só het prof Louis Jonker van die Dissiplinegroep Ou en Nuwe Testament in die Fakulteit Teologie in sy intreerede gesê. Dié geleentheid is op 31 Maart 2011 in die Fakulteit se Attie van Wijk-ouditorium gehou. Jonker het gesê verskillende interpretasies van die Bybel oor geloof en etiese kwessies lei tot hewige debatte in kerklike kringe, Afrikaanse dagblaaie en gespreksruimtes op die internet. Jonker het gepleit vir 'n soort verstaan van die Bybel wat dinamies 'n posisie "tussen die tye" kan inneem, wat veelstemmigheid en gesprek oor God en die lewe voor die aangesig van God as bate sien, en wat sensitief is vir veranderde omstandighede.

– Alec Basson



## *WC government honours Hattingh*

Prof Johan Hattingh of the Philosophy Department recently received an award from the Provincial Minister of Cultural Affairs, Sport and Recreation, Dr Ivan Meyer, for his contribution to environmental ethics, both nationally and internationally. The Western Cape Arts, Culture, Heritage, Library and Archive Services 2010/11 awards ceremony was held at Kronenburg Estate near Paarl in February. Hattingh is one of two people to receive an award in the category for National and International contribution in the Arts, Culture, Heritage, Language, Libraries, Museums and Archives field. The awards are made annually and recognise those persons with "outstanding achievements and contributions in the areas of arts, culture, heritage, language, museums, libraries and archives services in the Western Cape".

– Lynne Rippenaar

# *SU hosts conference on postgraduate supervision*

The third Biennial International Conference on Postgraduate Supervision was recently presented by the University at Spier Wine Estate.

In 2007 the Centre for Higher and Adult Education (CHAE) at Stellenbosch University presented the first international postgraduate supervision conference in Africa on the topic: "Postgraduate supervision – the state of the art and the artists". It attracted 160 participants from nine countries.

The follow-up conference took place in April 2009, and addressed the topic of "Research and Practice in Postgraduate Supervision" and was attended by 198 participants from 11 countries.

"There seems to be ample evidence to suggest that supervisors frequently base their approach on their own, often unexamined, experiences as research students. The importance of supervisors developing a repertoire of knowledge and understanding about different aspects of supervisory practice cannot be too strongly emphasised. If supervisors are to be effective, it is necessary for them to be capable of carrying on a critical conversation about supervision itself with colleagues and with students," says Prof Eli Bitzer, conference chairperson.

Therefore, this year's conference had the theme "Promoting a culture of postgraduate scholarship". It was the prize-winning entry out of eleven other proposed themes.

This year, the conference was attended by 140 South Africans, as well as 40 participants from 13 other countries.

HOPE Project

# Sustainability gets a transdisciplinary boost

Stellenbosch University's (SU) TsamaHub hosted a transdisciplinary summer school on sustainability that is expected to boost the search for solutions to Africa's twin crises of extreme poverty and ecological degradation.

A diverse group of 41 participants from various African countries attended the five-day course at the end of January. Of this group, ten were current PhD students, 23 were prospective doctoral students and eight were academics.

The summer school was facilitated by two international experts in transdisciplinarity: Drs Christian Pohl and Michael Stauffacher of ETH, Zurich. Both are associate professors extraordinary in SU's School of Public Leadership.

"It was a groundbreaking event in two ways," Mr John van Breda, TsamaHub programme manager told *Kampusnuus*. "It was probably one of the biggest ever summer schools of its kind in the world. And it entailed unique collaboration between the natural and human sciences – across traditional academic boundaries."

It took us five years to establish this network. This kind of collaboration is unique.

The TsamaHub is located in SU's Faculty of Economic and Management Sciences, but also has ties with a number of other departments and faculties, as well as with the University's Centre for Renewable and Sustainable Energy Studies and the Centre for Studies in Complexity. Other partners include the Council for Scientific and Industrial Research, the Human Sciences Research Council and the Sustainability Institute. It serves as a focal point for studies in transdisciplinarity, sustainability, assessment, modelling and analysis. This spells the acronym "tsama", which is also a type of wild watermelon that has long sustained life in Southern Africa's driest parts.

"Sustainability is complex. If you take an issue like global warming – it has natural science components, but it also falls within the human sciences. Although it can be studied within a single discipline, it is more fruitful to involve multiple disciplines as well as societal knowledge systems," Van Breda explains.

The TsamaHub's first 10 doctoral students started their three-year programme last year. They do modules in transdisciplinary methodology, sustainability and complexity, and also a dissertation that they have to be registered for in a particular faculty and department. However, because students work across traditional boundaries, their supervisors and co-supervisors come from a variety of faculties and departments. "We have a long list of supervisors from diverse fields. It took us five years to establish this network. This kind of collaboration is unique. It's a learning experience for students and academics alike."

Sydney Mavengahama from Zimbabwe is doing his PhD on plants that are considered "weeds" by modern agriculture but indigenous vegetables by traditional African farmers. He is including such disciplines as agriscience, human nutrition and economics.

The summer school was attended by participants from as far as Uganda, Kenya and Zambia. In anonymous feedback sourced at the end, the course was described as "amazing and transformative" and "truly enriching".

● The TsamaHub forms part of SU's HOPE Project, a university-wide initiative through which the institution is using academic excellence and cutting-edge research to address seemingly intractable problems in society.

– Desmond Thompson



From left, facilitator Dr Christian Pohl, PhD student Sydney Mavengahama, Njabulo Mazibuko, an Illovo employee, and Ludwig Everson, a resident of Orania, at the TsamaHub transdisciplinary summer school on sustainability.



**NUWE MIKROSKOPE:** Die Onderriglaboratorium vir Mikroskopie in die Departement Fisiologiese Wetenskappe spog nou met 60 van die allernuutste studentemikroskope, 'n digitale onderrigmikroskoop en 'n fluoresserende mikroskoop. Die aankoop van die LEICA-mikroskope ter waarde van R1 miljoen is befonds deur die Fakulteit Natuurwetenskappe, en word gebruik om mikroskopie- en histologie-studente in fisiologiese wetenskappe te onderrig. Die Universiteit Stellenbosch is die enigste tersiêre instelling in Suid-Afrika wat mikroskopie en histologie as deel van sy voorgraadse programme aan nie-mediese studente bied, in die besonder aan studente wat beide mens- en dierfisiologie neem. Me Sarah Ketting (SMM Instrumentsverkoopsafdeling), mnr John Dickson (SMM Instrumentsbestuurder: mikrowetenskappe-afdeling) en prof Faadiel Essop (voorsitter van die US Departement Fisiologiese Wetenskappe) was teenwoordig by die oorhandiging van die nuwe toerusting. Lees meer hieroor by http://blogs.sun.ac.za/news. *Foto: Engela Duvenage*

The Military Academy at Stellenbosch University (SU) in Saldanha Bay celebrated its 61st birthday on Friday, 1 April 2011. After an assembly in the Hall, staff and students enjoyed some sports on the sports field. Prof Julian Smith (left), Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, paid the Academy a visit and donated sportsgear as a token of support. Pictured here with him is Prof Edna van Harte, Dean of the Faculty of Military Science, and Brig. Gen. L. Yam, Commandant of the Military Academy.



# *Kennis met Keniaanse sportwetenskaplikes gedeel*

Die Matie-fisioloog dr Theo Nell, een van slegs 'n handjievol opgeleide Vlak 3-antropometriste in Afrika, het onlangs vir sportwetenskaplikes, gesondheidspersoneel en navorsers by die Kenyatta-universiteit in Kenia gaan leer hoedat "mense meet" hul navorsing en voorbereiding van atlete kan ondersteun.

Antropometrie is die vergelykende meting van die menslike liggaam om byvoorbeeld liggaamsgrootte, -verhouding, -samestelling en –groei, asook gesondheidstoestande te beskryf.

"Data wat 'n mens so verkry, kan gebruik word om 'n persoon se gesondheidstatus asook siekteverloop te bepaal, sportprestasie te bevorder, of ergonomiese meubels en werksomgewings te ontwerp," vertel Nell, wat aan die US Departement Fisiologiese Wetenskappe verbonde is en lid van die International Society for the Advancement of Kinanthropometry (ISAK) is.



Dr Theo Nell en prof Mike Boyt, 'n voormalige Olimpiese bronsmedaljewenner en deesdae 'n professor aan die Kenyatta-universiteit.

Onder die tipiese metodes wat hy gedurende die gesertifiseerde Antropometrie Vlak 1- en 2-kursus vir sy 20 ywerige Keniaanse studente aangeleer het, was die meting van liggaamslengte en -massa, die gebruik van velvoue om die persentasie liggaamsvet te bepaal, en die meting van beendeursnee om liggaamsamestelling vas te stel.

Sy besoek is moontlik gemaak deur die Nestlé Nutrition Institute Africa (NNIA). Danksy dié befondsing kon hy ook die nodige toerusting soos stadiometers, skale, segmometers, maatbande en been- en velvoukalipers aankoop en aan Kenyatta-universiteit skenk sodat die kursusgangers hul kennis self kan toepas.

"Kenia is bekend om hul atletiek, maar daar is steeds 'n reuse-behoefte in dié land om te leer hoe om hul atlete ten beste wetenskaplik voor te berei," vertel Nell. "Antropometriese tegnieke help afrigters om die fiksheid en welstand van hul atlete akkuraat te monitor."

Hy sê daar is ook 'n groot behoefte onder gesondheidspersoneel om die tegnieke in 'n kliniese omgewing toe te pas. "Daarom was vyf dieetkundiges en twee mediese praktisyns ook deel van die groep wat opgelei is," vertel Nell, wat hoop om danksy verdere befondsing van die projek 'n Vlak 2-opvolgkursus binne die volgende jaar in Kenia aan te bied.

Nell ondersteun die behoefte aan 'n Sentrum van Uitnemendheid wat moontlik in antropometrie by Kenyatta-universiteit op die been gebring kan word as deel van die plaaslike Internasionale Vereniging van Atletiek Federasies (IAAF) se Atletiekakademie.

– Engela Duvenage

Fulbright-beurswenner

# Dierkunde-navorser op pad na Harvard

Die dierkundige prof Savel Daniels gaan danksy 'n Fulbright-beurs sabbatsverlof by die Harvard-universiteit geniet om navorsing oor fluweelwurms voort te sit.

Die studiegeleentheid is vir dié lid van die Departement Plant- en Dierkunde se Evolusionêre Genomika-navorsingsgroep moontlik danksy die gesogte Fulbright- Suid-Afrikaanse Besoekende Navorserprogram.

Hy gaan in 2012 saam met prof Gonzalo Giribet van Harvard se Museum vir Vergelykende Dierkunde werk en sy kennis oor Suid-Afrika se talle bedreigde fluweelwurmspesies (*Phylum Onychophora*) bydra tot 'n wêreldwye studie.

> 'n Mens kan heelwat kennis (oor fluweelwurms) bydra wat bewaring kan ondersteun.

Hulle is van die natuur se beste spoeggers, spog Daniels, wat ook 'n finalis is in vanjaar se toekennings deur die Nasionale Wetenskap en Tegnologie Forum (NSTF) wat op 'n seremonie op 26 Mei oorhandig word. "Met hul taai, ensiemryke spoeg immobiliseer hulle hul prooi en vreet dit daar en dan op."

In Suid-Afrika kry 'n mens wit, grys, donkerswart, roospienk en oranje soorte fluweelwurms van tussen 1cm en 3cm lank. Dié isopode (gelykpotiges) met hul sagte eksoskelette bly gewoonlik in klam, hoogliggende gebiede, grotte of in blaarmassas op woudvloere.

Maklik is dit egter nie om hulle op te spoor nie. Fluweelwurms is bobaas kamoefleerders en kan in klein bolletjies oprol en doodstil wag wanneer hulle bedreig voel. Hulle tel onder die mees primitiewe van alle diere. Fossielfondse in onder meer China wys dat hulle maar basies dieselfde lyk as 550 miljoen jaar gelede.

"As die selakant vir werweldiere die toonbeeld van 'n lewende fossiel is, dan speel fluweelwurms dieselfde rol vir geleedpotige diere en bied hulle insig oor die evolusie van die Arthropoda," glo Daniels.



Prof Savel Daniels bestudeer 'n fluweelwurm. *Foto: Engela Duvenage*

Hy het in 2003 tydens 'n dierkundekongres in Kaapstad die eerste keer van fluweelwurms gehoor. In daardie stadium was dié belowende jong navorser reeds besig met genetiese navorsing oor ongewerwelde diere. Voor sy terugkeer in 2005 van 'n nádoktorale studiebesoek van twee jaar in die VSA het hy suksesvol befondsing van die Nasionale Navorsingstigting bekom vir 'n fluweelwurmnavorsingsprojek.

"Hulle is so onbekend binne die Suid-Afrikaanse wetenskap en 'n mens kan heelwat kennis bydra wat bewaring kan ondersteun," vertel Daniels, wat reeds 41 artikels in wetenskapjoernale gepubliseer het. "Vier van die elf beskryfde Suid-Afrikaanse spesies is op die Rooidatalys van Bedreigde Spesies gelys."

Molekulêre data wat hy reeds gepubliseer het, dui op 'n nog groter diversiteit in spesies en die feit dat meer spesies slegs plaaslike verspreidings het.

Die voorste fluweelwurmkenner, prof Hilke Ruhberg van die Universiteit van Hamburg, besoek tans Stellenbosch sodat hulle aspekte van die Suid-Afrikaanse spesies se taksonomie kan uitpluis.

– ENGELA DUVENAGE

## *P-gradering vir dosent by Bewaringsekologie en Entomologie*

Dr John Terblanche, 'n senior dosent in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie aan die Universiteit Stellenbosch (US) het onlangs die gesogte Nasionale Navorsingstigting se Presidenttoekenning, oftewel P-gradering, ontvang.

Die Stigting beskryf P-geëvalueerde navorsers as jong navorsers, gewoonlik onder die ouderdom van 35 jaar, wat op grond van uitsonderlike potensiaal getoon in hul gepubliseerde doktorale werk en/of hul navorsingsuitsette in hul vroeë nádoktorale loopbane waarskynlik in die toekoms die leiding sal neem in hul velde van navorsing.

Terblanche het sy PhD in 2006 aan die US behaal en het 'n ná-doktorale program by die Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie aan die US in 2007 voltooi. Sy navorsing strek oor 'n verskeidenheid verwante onderwerpe van belang vir biologiese en fisiologiese diversiteit.

"My werk ondersoek die verband tussen fisiologiese prosesse en dierekologie en -evolusie in landelike omgewings. Baie van my navorsing fokus op die verstaan van belangrike faktore wat klimatologiese stresweerstand in insekte affekteer en die potensiële implikasies vir klimaatsverandering en evolusionêre fisiologie," sê hy.

Die navorsingsgroep wat hy onlangs by die Departement begin het, die Toegepaste Fisiologiese Ekologie-laboratorium, gaan voort om te werk aan soortgelyke vrae oor 'n verskeidenheid van organismes van landbou-, evolusionêre of mediese belang.



Dr John Terblanche *Foto: Bernard Bravenboer*

Die inter-dissiplinêre navorsing wat tot op hede deur Terblanche se laboratorium onderneem is, en wat insluit globale klimaatsverandering, fisiologiese reaksie op omgewingsfaktore, meganismes onderliggend aan omgewing verdraagsaamheid, en die beginsels en toepassings van insekfisiologie op breër kwessies soos bewaring en plaagbeheer, het al baie belangstelling gegenereer en aanleiding gegee tot aansienlike befondsing en verskeie groot internasionale navorsingsamewerking met plaaslike sowel as internasionale kollegas.

Nagraadse studente aan die US kon ook al direk baat by hierdie samewerking deur deurlopende geleenthede vir internasionale navorsingsuitruilprogramme om studente en hul werk aan die breër internasionale wetenskaplike gemeenskap bloot te stel.

Terblanche het al meer as 57 artikels in internasionale tydskrifte, verskeie hoofstukke in boeke, en verskeie groot resensies geskryf. Hy is ook 'n redaksielid van twee internasionale entomologie-tydskrifte, en dien as 'n adviseur vir die GMO-komitee van die Departement van Landbou.

● Dr Cang Hui, 'n navorser aan die Universiteit Stellenbosch wat wiskunde en ekologie kombineer om die tendense en verspreiding van uitheemse spesies soos Europese spreeus en Argentynse miere te bestudeer, het ook reeds die gesogte P-gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang.

● Sien www.nrf.ac.za vir meer inligting.

– ENGELA DUVENAGE

## Universiteit stel publikasie oor navorsing bekend



Prof Russel Botman, US Rektor, ontvang die publikasie *Research at Stellenbosch* van prof Arnold van Zyl, Vise-Rektor: Navorsing. *Foto: Anton Jordaan*

Die 2010-uitgawe van *Research at Stellenbosch University* is onlangs amptelik by die JS Gericke Biblioteek se Navorsingsentrum bekendgestel.

Die publikasie is vir die eerste keer in 2009 uitgereik met die doel om die nasionale en internasionale navorsingsgemeenskap 'n breedvoerige dog toereikende oorsig te bied oor die navorsingsaktiwiteite aan die Universiteit Stellenbosch (US).

Met hierdie publikasie bied die Afdeling Navorsingsontwikkeling die geleentheid vir navorsers om hul navorsingsaktiwiteite aan die breër publiek, media, vennote en toekomstige samewerkers bekend te stel.

Die nuutste uitgawe fokus op vier temas:

- *Making a difference: How our research impacts on society*;
- *Producing relevant research: How our research supports industry*;
- *Improving our performance: National scientific collaboration*;
- *Being a preferred knowledge partner: Working with partners beyond our borders*.

Dit sluit ook inligting in oor navorsingstoekennings en -pryse wat US personeel gewen het, asook 'n interessante nuwe deel oor die US se navorsingshoogtepunte oor die jare heen, en gesprekke met van ons top- opkomende navorsers en vele meer.

Die 2009-uitgawe het 'n toekenning as die beste jaarverslag by die 2010 SA MACE-kompetisie (Marketing, Advancement and Communication in Education) ontvang.

– ILSE ARENDSE

# ADVERTENSIES / CLASSIFIEDS





**TE KOOP / FOR SALE**

**Pool Pump:** Brand new pool pump for 30 000 litre pool for sale: R1 000. Call 082 979 4667.

**TE HUUR / TO LET**

**Room to let in spacious house in Welgevonden:** I am looking for a female working person or postgraduate between the ages of 24-35 to share a fully furnished house in Welgevonden. Available from October. R2 500 per month. Please contact Elsa du Toit at ejdutoit@distell.co.za or 084 510 3411.

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Verblyf Stellenbosch:** Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130-00 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig, privaat. www.121jonkershoekroad.co.za Kontak 021 883 3104, rdk@sun.ac.za

**Furnished room available in Welgevonden Security Complex, Stellenbosch:** Looking for a post graduate or senior lady student. Available from 1st of March. Electricity and water included. R2200.00. Please phone 084 510 3411 for viewing or email ejdutoit@distell.co.za

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Saamrygeleentheid:** Vanaf Somerset-Wes/Stellenbosch na Kaapstad elke dag. Kontak: Alex van Noordwyk by 082 873 0630 of Christelle by 082 326 0239.

**Stellenbosch – Strand:** Soek 'n saamry geleentheid vanaf die Kweekskool na Boland Kollege in die Strand of Hoërskool Strand. Kontak asb Joseph Fillies by 082 6755 471, kantoorno: 021 808 3534 of e-pos: fillies@sun.ac.za

**Southern Suburbs to Stellenbosch:** Lift urgently needed. Working hours fairly flexible. Will contribute to petrol costs. Contact LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 977 7740.

**Keep HEALTHY and FIT**
by joining Maties Athletics on Monday and Tuesday evenings from 17:15 at the cricket fields and Wednesday evenings from 17:15 at Coetzenburg Stadium, for some jogging or walking and loads of fun!

All fitness levels are most welcome and it's FREE OF CHARGE.

**For more details contact Muhamed Ally on 021 808 4694.**

Die sperdatum vir advertensies is die tweede Maandag van elke maand. Advertensies: Conita Henry, tel.: 021 808 4633 of chenry@sun.ac.za
The deadline for advertisements is the second Monday of each month. Advertisements: Conita Henry, tel.: 021 808 4633 or chenry@sun.ac.za

# Drie van dramadepartement wen Fleur du Cap-toekennings

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Departement Drama het gesorg vir drie wenners by die onlangse Fleur du Cap-teatertoekennings.

Die Fleur du Cap-pryse is vanjaar vir die 46ste keer toegeken en beloon Wes-Kaapse akteurs en teatermakers vir hul verhoogwerk. Die toekenningseremonie was in die Kunstekaap-teater in Kaapstad op 21 Maart.

Die gevierde aktrise Antoinette Kellermann, wat aan die Departement Drama toneelspel onderrig, is bekroon as die beste akteur in 'n eenpersoonsvertoning. Sy het dit gekry vir *As die broek pas*, waarvan die US dramadosent Marthinus Basson die regisseur was.

*As die broek pas* is 'n vertaling van die Duitse skrywer Manfred Karge se *Jacke Wie Hose*. Nog 'n US dosent, dr. Willem Anker van die Department Afrikaans en Nederlands, het die vertaling behartig.

Kellermann is een van ons land se voorste aktrise van die verhoog en televisie.

Sy is sedert 2003 by die Departement Drama betrokke.

By die toekenningsgeleentheid het De Klerk Oelofse, wat sy Honneursgraad in Drama aan die US voltooi het, die prys vir beste studente-akteur gekry, terwyl Christiaan Olwagen, 'n Meestersgraadstudent, die Rosalie van der Gucht-prys vir nuwe regisseurs ontvang het.

Oelofse het sy prys gewen vir sy optrede in *Woza Andries*, wat onder meer in die HB Thom-teater opgevoer is, met Olwagen wat vir die regie van dié produksie beloon is.



Antoinette Kellermann



Christiaan Olwagen



De Klerk Oelofse

Oelofse, van Polokwane in Limpopo, het tydens sy studie in minstens 14 verhoogproduksies opgetree, waaronder *Hamlet*, *Dalk Later* en *The Dumb Waiter*.

Olwagen, 'n gebore Kapenaar wat in Pretoria grootgeword het, het vanjaar sy tweede Fleur du Cap-prys gewen, nadat hy in 2008 as beste student aangewys is vir sy spel in die US produksie *Cabaret*.

Hy het ook al in talle verhoogstukke in die HB Thom opgetree, waaronder Yasmina Reza se *Art* en *God of Carnage* (laasgenoemde onder spelleiding van Kellermann), Anker se *Sakrament*, asook *Kiss of the Spiderwoman*.

Hy doen tans sy Meestersgraad in Regie onder leiding van Basson.

Piano recital

# Pieter Grobler performs in Endler

Pianist Pieter Grobler, a recent addition to the esteemed team of piano lecturers at the Music Department, will be on stage in the Endler Hall this month.

Grobler joined the Music Department of Stellenbosch University in August last year, and this recital of Classical and Romantic piano works marks his first formal performance as SU staff member, although he has played in a lunchtime concert.

The recital takes place on Saturday, 28 May, at 20:00.

His programme starts off vir Scarlatti's Sonata in G Minor K.8, followed by Mozart's Piano Sonata in B-flat Major KV33 and Liszt's Ballade No. 2 in B-minor. After an interval, a work called *Pastorale e Capriccio* by the SA composer Arnold van Wyk (1916–1983), who also taught at the Conserve, will be played. Grobler ends his programme with the six parts of Schumann's Humoreske op.20.

The pianist studied under Joseph Standford at the University of Pretoria, where he received his BMus and BMusHons degree (cum laude) in piano performance. This was followed by postgraduate studies under Joseph Banowetz at the University of North Texas in the USA, as well as with the Polish pianist Adam Wodnicki.

Grobler, who also focused in his studies on vocal accompaniment, has won several prizes and scholarships. These include the prestigious Unisa Overseas Scholarship Competition, where he won the prize for best performance of a South African composition. He has also participated in international competitions in China and America.

Before joinging SU, Grobler worked for three years in Cleveland, Ohio, teaching piano at the Heidelberg College, a private liberal arts university.



Pieter Grobler will perform in the Endler on 28 May.

## Other concerts in May

In May, quite a few Conserve staff members will be performing in the Endler Hall:

**Saturday 7 May at 20:00**: Felicia Lesch conducts the SU Jazz Band and Jazz Vocal Ensemble.

**Sunday 8 May at 16:30:** Stellenbosch University Choir performs under the baton of André van der Merwe.

**Friday 13 May at 20:00:** The Arianna Quartet from the USA plays works by Mozart and Debussy.

**Tuesday 17 May at 20:00:** Marian Lewin (cello) & Friends perform Vivaldi, Dvořák and Stephenson.

**Saturday 21 May at 20:00:** KEMUS presents *Pierrot Lunaire*, featuring Mareli Stolp (piano), Liesl Stolz (flute/piccolo), Becky Stelzner (clarinet/bass clarinet), Tricia Theunissen (violin), Jan-Hendrik Harley (viola), Joachim Müller-Crépon (cello) and Vanessa Tait-Jones (voice).

**Sunday 22 May at 16:30:** Louise Howlett (soprano) performs with Albert Combrink (piano) in "Music of the Night".

# Writer Leon de Kock wins Thomas Pringle Award



Prof Leon de Kock (picture) of the Department of English has been chosen as the winner of the 2010 Thomas Pringle Award for a Literary Article for his article "Cracking the Code: Translation as Transgression in *Triomf*".

The article was published in the *Journal of Literary Studies* 25(3) 2009.

De Kock was translator of Prof Marlene van Niekerk's award-winning novel *Triomf*, about a poor Afrikaner family living in the Johannesburg suburb where the demolished black township Sophiatown was.

The Thomas Pringle Award is an annual award for work published in newspapers, periodicals and journals. They are awarded on a rotation basis for a book, play, film or TV review; a literary article or substantial book review; an article on English education; a short story or one-act play; or one or more poems.

It was named in honour of Thomas Pringle, a Scottish writer and poet who's work describes South Africa's landscapes and people. The prize is administered by the English Academy of South Africa.

Before joining Stellenbosch University in August last year, De Kock was Head of the School of Literature and Language Studies at the University of the Witwatersrand. He has also lectured in English at the Rand Afrikaans University (now the University of Johannesburg) and Unisa.

De Kock has published three volumes of poetry – *Bloodsong* (1997), *gone to the edges* (2006), and *Bodyhood* (2010). Besides *Triomf*, he has also translated *Intimately Absent* (2010; Cas de Vos's *Intieme Afwesiges*) and *In Love's Place* (still to be published; Ettiene van Heerden's *In Stede van die Liefde*). For his translation of *Triomf*, he won the SA Translators' Institute Award for Outstanding Translation in 2000.

*Executioners of Masculinity*, De Kock's first novel, will be published in September.

## Book

*Tropical Island Restoration: The remarkable story of Cousine Island, Seychelles*

– Michael Samways, Peter Hitchins, Orty Bourquin and Jock Henwood




Tropical islands worldwide are under enormous human impact leading to the disturbance of ecosystems and loss of species. But not all is so bleak, with intensive efforts underway for example in the Seychelles to restore some of the islands to their former glory.

This is possible with a concerted effort to remove invasive alien plants and animals to enable the local biota to recover.


In a new book (Wiley-Blackwell, Oxford, UK) by Michael Samways, of the Department of Conservation Ecology and Entomology at Stellenbosch University, and colleagues in the Seychelles, the story of the restoration of Cousine Island is given in graphic detail.

It has taken two decades to achieve this, but the results have been remarkable, with natural forest having returned to its former glory and much of the original wildlife re-establishing. The Sooty Tern has returned after an absence of 30 years, and the turtle population is increasing. It has been a tough road getting the island, which had become very degraded by the 1970s, back to its original feeling of a tropical paradise. But with determination such recovery can be achieved, which is a model for other tropical islands.

## Andrew Murray-pryswenner

# Prof Smit laat lesers besin oor waardes

**Vanjaar se Andrew Murray-prys vir Afrikaanse Teologiese Boeke word vandeesmaand aan prof Dirkie Smit (foto) van die Fakulteit Teologie toegeken vir *Geloof en openbare lewe*. *KAMPUSNUUS* het met Smit gesels oor dié versameling artikels wat die beoordelaars as " 'n besondere bydrae tot die Afrikaanse teologiese vakliteratuur" beskryf.**






Prof Dirkie Smit was 'n predikant en het daarna bykans twintig jaar teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland gedoseer. Hy is tans professor in Dogmatiek aan die Kweekskool op Stellenbosch. Hy is 'n lidmaat van die VGKSA en betrokke by verskeie kerklike aktiwiteite, en word ook dikwels genooi vir openbare optredes en skryf gereeld.

Waaroor handel *Geloof en openbare lewe*?

Dis 'n bundel in 'n reeks met my versamelde opstelle. Dis begin deur Ernst Conradie van Wes-Kaapland, en ons dekaan, Nico Koopman, is redakteur van dié uitgawe. Die tema van hierdie bundel is die ingewikkelde wisselwerkinge tussen "geloofsoortuigings" en "die openbare lewe". "Geloofsoortuigings" sluit uiteraard die Christelike geloof in, maar ook méér: mense se diepste oortuigings, lewensbeskouinge, voorstellinge van geluk, waardes, prioriteite. "Openbare lewe" sluit uiteraard die politiek in, maar ook méér: die hele dinamiek van die samelewing, tot by die vorming van die openbare mening.

Die artikels wat daarin verskyn is oor 30 jaar geskryf. Hoe is die keuse gemaak vir watter artikels ingesluit word, aangesien die onderwerp, teologie en samelewing, sekerlik veel oor die 30 jaar verander het?

Die stukke is inderdaad almal geleentheidsgeskrifte, reaksies op spesifieke versoeke, hetsy uit kerklike of akademiese kringe. Daar is byvoorbeeld 'n bydrae van vóór die Waarheids-en-versoeningskommissie oor die vraag of soiets nodig is. Daar is 'n voordrag tydens die stad Augsburg se 450-jarige herdenking van die Godsdiensvrede van Augsburg in 1555. Maar daar is ook voordragte tydens sinode-sittings.

Die beoordelaars noem die boek " 'n besondere bydrae tot die Afrikaanse teologiese vakliteratuur". In watter opsig dink u lewer die boek sy grootste bydrae hiertoe?

Ek weet ook nie eintlik nie! Van dié debatte is wel steeds aan die gang en dus aktueel.

En wat sal ander lesers wat nie noodwendig geskool is in teologiese vakliteratuur uit hierdie boek kan kry.

Teologiese skoling is nie nodig nie, maar sommige is inderdaad meer akademies geskryf. Ander is egter vir enigeen toeganklik.

U skryf ook reeds lank 'n godsdiensrubriek, Geestelike Waardes, vir *Die Burger* en praat daarin dus met die algemene publiek. Wat wil u hê lesers moet uit hierdie rubrieke put?

Ek wil lesers uitnooi om sélf na te dink oor lewensvrae of "geestelike waardes", soos die koerant juis die rubriek noem.

Ek probeer ingewikkelde vrae só aan die orde stel dat lesers self kan insien waaróm dié vrae dalk dieper is as wat ons mag dink, in die hoop dat hulle dan self daaroor sal nadink en gesels.

Wat was al van die lesers se reaksies op hierdie rubrieke?

Die reaksie is merkwaardig. Onbekende mense praat daarvan as ons êrens ontmoet. Koerante se invloed strek werklik ver. Dis tog vreemd dat mense wat op Saterdagoggende ontspan bereid is om in hul oggendkoerant stukkies te lees oor sulke ingewikkelde temas?

Die Andrew Murray-prys is 'n gesogte prys, maar wat beteken dit vir u persoonlik én vir u loopbaan?

Dis waarskynlik gaaf dat dié soort tema openbare aandag kry. Baie dink immers deesdae dat geloof niks met die openbare lewe te make het nie. Óf dat die implikasies so simplisties is dat akademiese boeke daaroor onnodig is.

- Die Andrew Murray-prys word môre (4 Mei) aan Smit oorhandig tydens 'n dinee in Stellenbosch.
- *Geloof en openbare lewe* is uitgegee deur Sun Press Media.

## brokkies in beeld




Die gebruiklike vroegoggend koppie skop-in-die-kop koffiedrink het by die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) 'n instelling geword en gelei na die ontstaan van die Moerklub. Dié klub het onlangs 'n kompetisie gehou om 'n logo vir hulle te ontwerp. Inskrywings is ontvang en daar is druk gestem. Dit het nie sonder die neusoptrekkery van die teedrinkers gepaard gegaan nie. Op 9 Februarie is die wen-logo aangewys. Hier ontvang Claudia Saunderson die wenprys van Mariska Pienaar, tesourier van die Moerklub.



The fourth annual First-year Academy Prestige Evening was held on 10 March at Neethlingshof in honour of the University's 32 top-performing first-year students of 2010 and the lecturers they identified as having been most influential in their success. As has become tradition for this event, the students and their nominated lecturers exchanged letters in which they acknowledge one another's contributions. The event was once again hosted by the Rector, Prof Russel Botman. Pictured here are (from back, left) Ms Andisiwe Mzwakali, Mr Francois Conradie, Mr Barry Reynolds, Dr Sharon Malan, Mr Gerard Louw; (front) Ms Marleen Engelbrecht, Ms Antoinette Bruwer, Ms Anja Gerber, Dr Ansie Loots and Prof Johan de Villiers.



Die Stellenbosse afdeling van die Circle of Concerned African Women Theologians het in Maart 'n dagkonferensie gehou oor die tema Gender, Populêre Kultuur en Godsdiens. Die Circle of Concerned African Women Theologians bestaan uit groepe vroulike teoloë van Afrika wat reg oor die kontinent op gereelde basis bymekaar kom om saam te dink oor wat dit beteken om teologie te beoefen binne verskillende godsdienstige, kulturele, politieke en sosio-ekonomiese kontekste.

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 6 Junie 2011**

Redakteur: Wayne Muller
Bladontwerp: Heloïse Davis Drukwerk: Shumani
Advertensies: Conita Henry, tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur, Admin B-gebou,
tel.: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY